# KULTURELE ROEPINGSLEER

In „Woord en Daad" van Februarie 1958, het daar 'n artikel uit die pen van mnr. C. N. Venter verskyn waarin die sogenoemde kursus aan die P.U. vir C.H.O., wat hopelik vanaf hierdie jaar 'n aanvang sal neem, aangekondig word. In genoemde artikel word gemeld dat die kursus aangebied word onder leiding van ondergetekende met medewerking en hulp van verskeie ander professore en dosente.

Uit hierdie mededeling blyk een saak baie duidelik in verband met hierdie kursus, en dit is dat die probleme wat hier aan die orde gestel sal word, in die huidige fase van ons kultuurontwikkeling van uitermate gekompliseerde karakter is en dat ons almal: teoloë, wysgere, historici, psigoloë, pedagoë, en baie ander vakmanne op ander gebiede van die wetenskap en die praktyk hier moet saamwerk, en hulle bydrae moet lewer. Die benadering in hierdie kursus is ons, wat die Amerikaners noem „the inter-disciplinary approach", of wat ook genoem kan word die „interdependente denke".

By wyse van inleiding op hierdie kursus en sonder om die samehang met die hele kursus in alle opsigte te verantwoord, wil ons kortliks 'n tema behandel wat direk saamhang met die huidige kultuursituasie, naamlik die onbehaaglike gevoel van verontrusting wat hom meester gemaak het van die mensdom gedurende die afgelope dekades. Hierdie verontrusting konsentreer hom in ons dae veral o.a. om die beklemmende vraag: Wat is die toekoms van ons Wes-Europese Christelike beskawing en kultuur?

Hierdie verontrusting is nie beperk tot die indiwidu, of tot 'n groep, of tot een land nie, maar knaag aan die hele menslike samelewing, al is dit dan ook in mindere of meerdere mate en met verskillende aksente. Vandaar ook hierdie geestelik-psigies-sosiale verskynsel, in al sy verskillende vorme, so 'n groot plek inneem in die Wetenskaplike en literêre werke van ons tyd.

Om hierdie bewering toe te lig, siteer ons hier uit twee van die baie werke wat oor hierdie tema verskyn het, nl. Barbara Ward: „Faith and Freedom": A study of Western Society. „Surely no previous age has known the sense of foreboding that hangs over the modern world ... But modern man, until the day before yesterday, breathed in with his earliest breath the conviction that the future would be better than the

past. However divided men might be in their philosophy, or politics or economic interests, one belief they shared, the belief in progress, in continuons enlightenment, in the dispelling of darkness and the growth of reason and truth . . . Yet within little more than a single generation, the great complacency has been shattered . . . This collapse of confidence has occurred in a few decades. To some it gives listlessness and despair, to some nostalgia and a sense of hankering for what is past, to others fear and the ugly anger that springs from fear. To all, it gives anxiety, a sense of seareling, and an awareness that even the most settled aspects of our world are precarious. Compared with the certainties of the past, the new mood is unhappy and uneasy". Tot sover hierdie skrywer.

Nog 'n sitaat ter afsluiting en wel uit die werk van 'n sosioloog, Robert A. Nisbet: „The Quest for Community": „How extraordinary, when compared with the optimism of half a century ago, is the present ideology of lament. There is now a sense of disorganisation that ranges all the way from the sociologists concern with the disintegration of the family and small community to the religious prophet's intuition that **moral decay is enveloping the whole of Western society".** Voorwaar die verontrusting lê diep ingegrif in die gelaat van ons tyd.

Soos reeds aangetoon, en uit die laasgenoemde sitaat ook duidelik, gaan hierdie verontrusting ook oor die toekoms van ons Westerse beskawing. In hierdie artikel sal ons handel oor die verbinding: verontrusting oor die toekoms, met die aksent op die laaste deel, waarby ons dan in hoofsaak die christelike, en die wêreldse toekomsverwagting en toekomsvisie sal behandel, om hier en daar kortliks te verwys na die feitelike situasie in ons Westerse kultuur, om dan af te stuit deur kortliks aan te toon wat ons roeping as Christene is in hierdie so verontrustende tydsgewrig.

Verontrusting oor die toekoms. In hierdie verbinding lê veel meer opgesluit as wat 'n mens met die eerste oogopslag vermoed. Hierin lê opgesluit dat alleen die mens, en dit nogal taamlik ophoudelik, hom met die toekoms kan bemoei, en dat hy nie in staat is om die toekoms te laat rus nie, of dit nou die nabye toekoms van môre, oormôre, ens. is, en of dit dié verre toekoms is van die einde van die dae, en wel omdat die mens 'n geskiedenis het. Die mens is 'n historiese wese met 'n verlede, wat hy kan sien, met 'n hede wat hy deurlewe en met 'n toekoms, waarmee hy hom kan besig hou. Verlede, hede en toekoms o.a. omvat die geskiedenis en die mens. 'n Dier het nie 'n geskiedenis nie. Hy weet

nie van 'n toekoms nie, en hy bemoei hom nie met die toekoms op dieselfde wyse as die mens nie. Êrens het ons hierdie formulering teëgekom: „De onrust als mensenlijk wezenstrek houdt ten nauwste verband met het feit, dat in de diepte gepeild, de mens tussen geboorte en sterven althoos „onderweg" is; anders gezegd: op weg naar 'n doel, dat hij ziet en tegelijkertijd niet ziet, dat hij hoopt te benaderen en dat voortdurend terugwijkt".

By die mens, anders as by die dier, is die situasie radikaal anders. Sy bemoeienis met die toekoms gee sin en betekenis aan sy lewe en aan sy dade. Die huisvrou bv. maak allerlei voorbereiding as sy die aand gaste verwag. Die sin van hierdie voorbereiding is die toekomsverwagting van die aankoms van gaste. Die boer en die sakeman bv. maak planne om hulle boerdery of saak uit te brei en te verbeter. Die ouers maak planne om hulle kinders bv. te laat studeer. Een van die maniere dus waarop die mens hom bemoei met die toekoms is die maak van planne vir homself as persoon, vir sy gesin, vir sy arbeid, vir sy oudag en ja, ook vir sy dood. In die maak van planne betrek die mens sy handelinge op die toekoms.

Hierdie maak van planne is nie net bloot 'n verstandelike wik en weeg nie, 'n suiwer rasionele werksaamheid, 'n teenoor mekaar stel van pro en kontra nie, maar dit word ook gelei en gedra deur 'n geloof en wel die geloof dat 'n mens ook 'n sekere insig het van hoe die toekoms, waarvoor hy beplan, daar sal uitsien, en die verdere geloof dat daar wel 'n kans is dat sy planne sal slaag. Dié bemoeienis van die mens met die toekoms is dus nie so 'n eenvoudige saak nie: dit is die uiting van 'n wesenstrek van die mens om sin en betekenis aan sy handelinge te gee, gepaard met vryheid en verantwoordelikheid vir sy handelinge en gelei deur geloof dat hy die tekens van die toekoms, vanuit die hede, tog wel enigsins kan reg lees en dat daar 'n kans is vir die welslae van sy planne.

En tog is ons besinning oor die toekoms nie volledig nie, en ook nie bevredigend nie, veral vir die Christen. Vir hierdie besinning, soos reeds gesê, beskik ons oor die kennis van die geskiedenis, en wel in die sin dat die hede voortkom uit die verlede en heenwys na die toekoms. Maar ook beskik die Christen oor die kennis van Gods Woord, en die vraag wat ons hier aan die orde stel is: Hoe lig Gods Woord die mens in oor die toekoms, en hoe staan ons as Christene teenoor hierdie inligting?

Nou is daar in hoofsaak twee houdinge wat ons aantref onder Christene t.o.v. die lig wat Gods Woord vir die toekoms ontsteek. Die een houding is dat dit ongeoorloof is om die Bybel vir toekomsbeskouinge te gebruik. Hulle redenering is as volg. Daar was in die verlede al soveel mislukte spekulasies, veral t.o.v. die antichris en van die einde van die dae, dat hulle nie alleen huiwerig is nie, maar dit beslis ongeoorloof beskou om die gegewens van die Skrif te gebruik, vir wat hulle beskou, tog maar alleen toekomsbespieëling kan wees. Hierdie houding is in sover te waardeer dat dit dien as waarskuwing om in hierdie sake met groot omsigtigheid en versigtigheid te werk te gaan. Tog openbaar hierdie houding by 'n veelal goed ontwikkelde roepingsbesef, tog 'n leemte aan esgatologiese besef. Die gevaar wat dreig by hierdie houding is dat sulke Christene by hierdie huiwering of weiering dikwels nie ag slaan op die tekens, wat heenwys na die toekoms van die Here, met die resultaat dat hulle, net soos die wêreld dikwels oorrompel word deur die feite en gebeurtenisse.

En nou is dit so, dat Christus juis nie wil hê dat sy volgelinge verras of oorrompel moet word nie. Hulle mag nie in die duister wees, sodat die dag hulle oorval soos 'n dief in die nag nie. So leer die Skrif uitdruklik wat na hierdie dinge sal geskied, seker nie in die eerste plek, sodat die mens nou 'n keurige bloudruk van die toekoms kan maak nie, maar om ons geloof te versterk en ons handelinge te rig. Die mens wat lewe sonder die Skrif, sal eet en drink, in die huwelik tree en ten huwelik uitgee, totdat hy verras word, soos in die dae van Noag, die sondvloed die mensheid verras het. Die Christen, by die lig van Gods Woord, sal moet lewe soos Noag, wat geweet het wat die toekoms inhou en die ark gebou het.

Die tweede houding wat ons dikwels ook onder Christene aantref is dat hoewel dit geoorloof is, dit tog maar 'n ydele strewe van die mens is om hom met die toekoms besig te hou. Hulle redenering is dat die mens alleen maar moet let op Gods gebooie en doen wat sy hand vind om te doen, hier en nou. Hierdie houding is dan in sover korrek, dat dit 'n waarskuwing inhou om nie te haastig te wees met voorspellinge oor die toekoms en veral oor so 'n verafgeleë toekoms as bv. die einde van die dae nie. Hierdie christene, al staan hulle in volle geloofsgehoorsaamheid en geloofsvertroue in hulle daelikse lewe, versuim hulle tog om te let op Gods beloftes vir die toekoms en op Sy oordele en gerigte, wat oor hierdie wêreld gaan. Die resultaat is dat bv. die opkoms van die kommunisme, die botsing tussen Oos en Wes, die V.V.O., die yster-

gordyn, die koue oorlog, die atoombom, ens. vir hulle niks te maak het met die toekoms van onse Here, met dié gerigte en oordele wat God voltrek oor hierdie wêreld, en met die geloofspanning van die Christen aan die einde van die dae.

As ons nou vervolgens 'n integrale (volledige) Christelike toekomsbeskouing op grond van die geskiedenis en by die lig van Gods Woord hier trag te ontwikkel, stel ons duidelik voorop dat ons slegs enkele hooflyne kan uitstippel, wat aangevul, deurgetrek en verder uitgebou kan word.

In die eerste plek wil ons dan voorop stel dat volgens die Skrif, God die wêreldgeskiedenis lei na Sy voltooiing, na die volvoering van Sy skeppings- en verlossingsplan, wat egter voorafgegaan sal word deur die maatskappy van die antichris en gevolg word deur die eindgerig van God, wat in Christus die end van hierdie bedeling en die begin van die nuwe bedeling sal wees.

In die tweede plek, stel ons vas dat die wêreldgeskiedenis nie bestuur word deur 'n outomaat of 'n robot nie, maar deur God, en dat Hy die mens, wat Hy geskape het om vry te kan kies en te beslis, en begiftig het met verantwoordelikheid en normbesef, gebruik om die gebeurtenisse te beheers en die historiese ontwikkeling te lei volgens die norme wat Hy daarvoor gestel het. Daartoe het Hy ook die mens begiftig met normbesef, d.w.s. die vermoë om te kan onderskei tussen goed en sleg, tussen waar en onwaar, tussen reg en onreg. In vryheid, verantwoordelikheid en normbesef word die geskiedenis en die kultuur deur die mens gemaak, onder Gods bestuur. Op grond hiervan verwerp ons die deterministiese geskiedenisopvatting, waarvolgens die gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis aaneengeskakel is oor 'n onverbreeklike ketting van oorsaak en gevolg, en waar daar geen plek is vir die vryheid van die mens nie. Volgens hierdie opvatting lê die toekoms onvermydelik vas en geen menslike ingryping kan 'n jota of 'n tittel daaraan verander nie.

In die derde plek deel Gods Woord ons nog een en ander omtrent die toekoms mee, soos bv. oor die tekens van die tyd, wat heenwys na die toekoms, en dus oor die gang van die geskiedenis. So wys Jesus Sy volgelinge op die hout en blare van die vyeboom, waaraan hulle kan sien dat die somer (toekoms) naby is. Verder leer die Skrif hulle wat „na hierdie dinge moet gebeur". En om dié erns en die belang van hierdie tekens by die gelowige in te skerp, kom die uitdruklike bevel: as iemand 'n oor het, laat hom hoor.

Waartoe dien nou hierdie informasie wat die Skrif ons bied omtrent die toekoms? Seer seker nie om die toekoms haarfyn te voorspel en dan 'n keurige menslike bloudruk van die toekoms te maak nie. Die toekoms is nie 'n legkaart wat 'n mens deur pas en meet, en bereken van die brokstukke inmekaar kan sit nie. Die Skrif daarenteen waarsku ons teen hierdie bloudruk- of legkaart-toekoms. God self hou die beskikking oor die tye en geleenthede (Hand. 1 : 7). Die Seun van die mens sal kom op 'n uur, wat ons hom nie sal verwag nie. Veral die openbaringsboek vertel ons omstandig wat ons voor die deur staan. Maar in dieselfde Openbaringsboek word selfs een maal iets verborge gehou vir die mens, nl. as Johannes die bevel kry om die boodskap van die sewe donderslae te verseël en dit nie op te skrywe nie, wat weereens aantoon dat alle menslike voorspelling totaal uitgesluit is. Hierdie informasie dien wel om ons geloof te versterk en ons handelinge te rig, sodat ons nie verras of oorrompel sal word deur die gebeurtenisse nie.

Op grond van die kontinuïteit van die geskiedenis kan ons dus geen voorspellinge maak nie, maar slegs **tendense** opmerk en **verwagtinge** uitspreek oor die toekoms. Op grond van die Skrif moet ons dieselfde doen, omdat die feite en tye van die toekoms in die Skrif simbolies ingeklee is, en ons alleen 'n gesluierde toekoms laat sien. Dit gaan in die geskiedenis sowel as in die Skrif om 'n gesluierde toekoms. Saamvattend kan ons konstateer dat vir 'n Christelike toekomsbeskouing 'n besinning op die toekoms, wel geoorloof is, nie ydel is nie, maar met behulp van skrif en geskiedenis moontlik noodsaaklik maar beperk van aard is, vanweë die gesluierdheid van die toekoms.

Die feit dat die mens hom met die toekoms kan en moet besighou, mag egter die Christen nie verlei om sy gedagtes na die toekoms te verplaas en daar te verwyl nie. Hy mag nie in uiterstes verval nie. Sy verantwoordelikheid lê nie in die toekoms nie, maar in die hede, hier en nou. In die hede lê sy taak en roeping. Dit gaan om 'n Christelike beskouing van die toekoms in die eerste plek, om die tekens van die toekoms te sien as soveel **waarskuwing** op die terrein waar sy verantwoordelikheid wel lê, en dit is in die hede. Sy gerigtheid op die toekoms belet hom nie om in die hede te doen wat sy hand vind om te doen nie. Sy opdrag is om intussen al sy kragte in te span om Christus te bely voor die wêreld, om die afval van Christus in hierdie wêreld te weerstaan, om mense tot Christus te bring en om die kultuurverval, ook van ons Wes-Europese kultuur, waarin dit God behaag het om ons te laat gebore word, soveel as wat in sy vermoë is, te stuit. Hy mag hom,

siende op die tekens en die beloftes nie isoleer om toe te sien hoe hierdie kultuur ondergaan nie. Sy roeping is om in die volle lewe te staan, en waar dit enigsins moontlik is, te arbei in gehoorsaamheid aan Sy gebooie, lettende op die toekoms. Op Sy tyd sal God, as Hy dit nodig ag, Hom afsonder. Intussen wil God hom gebruik vir Sy bestuur, al is dit dikwels op 'n wyse wat hy nie altyd en orals kan verstaan nie.

Laat ons nou kortliks die wêreldse toekomsbeskouing van nader beskou. Daarin tref ons altyd weer die volgende elemente aan: die skildering van 'n ligte sondelose toekoms, die heimwee na 'n verlore paradys en die verlange na 'n nuwe aarde, die oortuiging dat daar „iets" met die mens moet gebeur, d.w.s. hy moet „verlos" word op die weg na hierdie toekoms. Hierdie „iets" is dikwels so iets as 'n vae herinnering aan sondebesef en 'n vae begrip van die noodlottige weg waarop die „kwaad" die mens kan voer. Hierdie elemente is harde realiteite vir die wêreldse mens, hulle rig sy denke en handelinge in die hede en Hy bou sy toekoms daarna, en hy word daarin gelei deur sy geloof aan hierdie realiteit. Nou is dit tog opvallend hoe daar in hierdie elemente tog iets deurskemer wat herinner aan die Bybelse gegewens. Dit is asof die skriftuurlike beskouing baie vae spore nagelaat het in hierdie visie. Maar dit is dan ook al.

In hierdie toekomsvisie is daar geen plek vir twee ander harde realiteite in die mensewêreld nie, nl. sonde en genade. Op hulle spoor na die toekoms lê nie die stasie met die naam Sondeval nie, en aan die end van die spoor staan nie die teken van die Kruis nie — die realiteite van die Woord en die Teken. Op hulle vlug na die nuwe aarde vergeet hulle dat eens 'n boekrol geopen moet word en dat slegs die Lam wat geslag is, die seëls kan verbreek. Hulle het nie die Lig gesien wat op Golgota ontsteek is nie, en wat deur die tyd en die stryd en die dood afstraal op die toekoms, die war enuwe aarde.

Op hierdie twee realiteite strand alle wêreldse toekomsverwagtinge, op dieselfde moment as hulle te water gelaat word. Die Woord van God en die teken van die Kruis. Hulle was reeds vir die Jood 'n ergernis en vir die Griek 'n dwaasheid, en solank hulle nog onder ons is, is hulle dit ook vir die wêreldse mens van die twintigste eeu. Dieselfde gees van selfhandhawing en selfverlossing beheers en verbind die geërgerde Jood, die wyse Griek, die aristokratiese Romein, die radelose Farao, die verstokte humanis, en die mens van die einde.

Ook in die toekomsverwagting speel hierdie geloof aan selfhandhawing en selfverlossing die allesbeheersende rol. Hierdie geloof aan

die selfverlossing verset hom met 'n sataniese mag teen die idee van die radikale en totale verlorenheid van die mens. Vir die wêreldse toekomsverwagting bly die verlossing deur Christus 'n dwaasheid om oor te glimlag of 'n ergernis om oor te brul. Hier is ons in die hart van die teëstelling tussen die Christendom en die Humanisme. Dit het die beroemde wysgeer aan die begin van hierdie eeu, Nietzsche (1844—1900) die ekstremis van al die humaniste, baie goed begryp dat by die kruis van Golgota die weë uitmekaar gaan.

Dit het al so ongeveer 'n gemeenplaas geword om die indrukwekkende tyd waarin ons lewe te tipeer as 'n **krisistyd** in ons beskawing en kultuur. Nou is 'n krisis, 'n kritieke toestand, in die algemeen 'n keerpunt, 'n knooppunt van verwarring, waarin o.a. die kontinuïteit van die verlede afgebreek is, en die weg na die toekoms nog duister is, terwyl ondertussen ingrypende beslissinge geneem moet word.

Ook die wêreldse toekomsbesinning van die twintigste eeu verkeer in 'n krisis. Vir die eerste maal in die Westerse geskiedenis gaan die onuitroeibare hoop in die selfverlossing van die mens swaar gesluier en swartbemantel. Die agtergrond van hierdie wanhoopstemming is die gevoel dat die mensheid nie meer 'n oplossing vir sy moeilikhede kan vind nie, en dat die mens en die menslike samelewing voortgejaag, voortgedrywe en voortgeskuiwe word op die golwe van die moderne lewe, en op 'n onheilspellende weg sonder toekoms. Geen wonder dat die twintigste eeu hom oorgee aan 'n gematigde optimisme, of 'n brutale sinisme of 'n pessimistiese noodlotsberusting of 'n troostelose nihilisme nie.

In hierdie spektrum van aarselende optimisme, twyfel, angs, vertwyfeling en nihilisme, wat is nou die roeping van die Christen? Die eerste eis vir die Christen is om te verstaan dat die wortel van die huidige krisis in die beskawing en die kultuur te vind is in die totale sekularisasie van die lewe. Immers die geskiedenis van die Westerse beskawing is in hooflyn een van kerstening van die beskawing, gevolg deur 'n ontkerstening, wat in intensiteit en omvang toegeneem het, en wat die weg na die endkatastrofe begelei.

Sonder herkerstening van die lewe, is daar geen herstel te wagte van ons kultuur en geen oorwinning van die krisis te verwag nie. Onder herkerstening moet ons dan verstaan die geloof in die versoening van die lewe met God, die herstel van die religieuse relasie met Hom, deur die verlossingswerk van Jesus Christus en 'n lepe beheers deur die geloof. Alleen by die deurwerking van 'n skriftuurlike Christendom, kan

ons genesing van ons Westerse kultuur verwag, en alleen vir die christelike weg, onder Gods seën kan ons die verlossing van die kultuur verkry. Om daaraan mee te werk is die roeping van die Christen van die twintigste eeu.

D. C. S. DU PREEZ.

P.U. vir C.H.O.